# PINKSTER 2024

## Opstandingsperspektief



12-15 MEI 2024


Opstandingsperspektief
1. ROME & JODE


Opstandingsperspectief
2. CLAVIUS



Opstandingsperspektief
3. MARIA

1 'n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was
van Betanië, die dorp waar Maria en haar
suster Marta gewoon het. 2 Maria was die vrou
wat met reukolie die Here gesalf en sy voete
met haar hare afgedroog het. Dit was haar
broer Lasarus wat siek was.


Johannes 11:1-2

37'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe
gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se
huis aan tafel was. Sy bring toe 'n albaste flessie
met reukolie 38en gaan staan agter Jesus by sy
voete en huil, sodat haar trane op sy voete
begin drup het. Daarna het sy sy voete met
haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die
reukolie gesalf.

*Lukas 7:37-38*

[1]In die tyd wat nou gevolg het, het Jesus die land
deurkruis van die een stad en dorp na die
ander. Oral het Hy gepreek en die evangelie
van die koninkryk van God verkondig.
Die twaalf was saam met Hom [2]en daarby 'n
aantal vroue wat van bose geeste en siektes
genees was.

*Lukas 8:1-3*


Daar was Maria, bekend as Magdalena, uit wie
sewe bose geeste uitgegaan het, 3en Johanna
die vrou van Gusa, 'n hoë amptenaar van
Herodes, en Susanna en baie ander. Hierdie
vroue het uit eie middele vir Jesus en die twaalf
gesorg.
Lukas 8:1-3

9 Ná Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre,
het Hy heel eerste aan Maria Magdalena
verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bose geeste
uitgedrywe het. 10 Sy het dit vir sy dissipels gaan
vertel wat oor Hom getreur en gehuil het.

*Markus 16:9-10*



55Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand
gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van
Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het.
56Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die
moeder van Jakobus en Josef, en die moeder
van die seuns van Sebedeus.

Matteus 27:55-56

59 Josef het die liggaam geneem en dit in skoon
linne toegedraai 60 en dit daarna neergelê in sy
eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekap het. Hy
het 'n groot klip voor die ingang van die graf
gerol en weggegaan. 61 Maria Magdalena en die
ander Maria was ook daar en het reg voor die
graf gesit.

Matteus 27:59-61

1 Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre
begin lig word, het Maria Magdalena en die
ander Maria na die graf gaan kyk.
2 Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n
Engel van die Here het van die hemel af gekom,
na die graf toe gegaan, die klip weggerol en
daarop gaan sit.

Matteus 28:1-10

3 Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy
klere so wit soos sneeu. 4 Van skrik vir hom het
die wagte gebewe en soos dooies geword.
5 Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie
bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat
gekruisig is. 6 Hy is nie hier nie, want Hy is uit die
dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en
kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.

Matteus 28:1-10

7 Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die
dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na
Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat
ek vir julle moes sê."
8 Hulle het toe haastig van die graf af
weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het
gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.

Matteus 28:1-10

9 Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan
en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy
voete gegryp en Hom aanbid. 10 Toe sê Jesus vir
hulle: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my
broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar
sal hulle My sien."

Matteus 28:1-10

4 Hulle het nie geweet wat om daarvan te dink
nie. Meteens staan daar by hulle twee manne
met blink klere aan. 5 Die vroue het groot geskrik
en met hulle gesig na die grond toe gebuig. Toe
sê die manne vir hulle: "Waarom soek julle die
Lewende by die dooies? 6 Hy is nie hier nie. Hy is
uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle
gepraat het toe Hy nog in Galilea was

Lukas 24:4-10

7en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer
word in die hande van sondige mense, gekruisig
word, en op die derde dag opstaan." 8Toe het hulle sy
woorde onthou 9en van die graf af teruggegaan en
al hierdie dinge vir die elf en al die ander vertel.
10Die vroue was Maria Magdalena en Johanna en
Maria die ma van Jakobus. Ook die ander vroue
saam met hulle het dieselfde dinge aan die apostels
vertel.

Lukas 24:4-10


BESETENE
TOT
GETUIE


SOEK ONS NA
DIE LEWENDE
HERE?


PINKSTER 2024
Opstandingsperspektief
12-15 MEI 2024